Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 27 Maart 1946. No. 18.

# GENL. SMUTS VREES „60,000" O.B.-LEDE

## Geen Gewere Vir Boere

**Genl. Smuts weier nog steeds om die gewere wat hy opgekommandeer het terug te gee aan hul regmatige eienaars. Hy het verlede week in die parlement gesê dat hoewel permitte vir vuurwapens nie op partylyne toegeken word nie, hy versigtig moet wees, aangesien daar „'n Kommandant-generaal in die land is wat spog met 60,000 lede".**

*Gevolglik kan daar nie toegelaat word dat alle blankes weer vryelik vuurwapens aanskaf nie. Daar sal net gewere aan boere gegee word wat dit nodig het en hulle sal gekeur moet word deur die plaaslike kommandant, die magistraat en die kommandant van polisie.*

In 'n vorige verklaring het genl. Smuts gesê dat vuurwapens in die toekoms net vergun sal word aan mense wat die regering kan vertrou. *Dit is dan ook algemeen bekend dat geen geweer toegestaan word aan 'n boer — selfs in die bosveld — wat O.B.-gesind is nie. Daar word selfs aan applikante gevra of hulle bloedverwante het wat aan die O.B. behoort!*

Toe die gewere opgeroep is, is deur die regering beweer dat dit nodig is vir bewapening van die troepe. *Die verklaring van genl. Smuts tans beklemtoon vir die soveelste keer die waardeloosheid van amptelike verduidelikings en versekerings. Die regering kan nie meer op sy woord geneem word nie, en dit is 'n ernstige saak vir 'n bewind wat oorlog gevoer het vir demokratiese vryhede.*

## Wil Spanje Nou Met Rus Laat

**James Byrnes, Amerikaanse minister van buitelandse sake, het bekend gemaak dat die Amerikaanse regering nie van plan is om die Spaanse kwessie voor die Veiligheidsraad van die Verenigde Volke te lê nie. Hy het ook meegedeel dat die Verenigde State 'n nota aan die Franse regering gestuur het waarin hy hom verwittig dat die Amerikaanse regering Spanje nie as 'n bedreiging vir die wêreldvrede beskou nie.**

Ook Engeland het geweier dat die saak voor die Veiligheidsraad gelê moet word.

Daar sal onthou word dat Rusland sy steun aan die Franse regering gegee het toe Frankryk 'n vyandige houding teenoor Spanje begin inneem het. Ook Amerika en Engeland het oorspronklik hul steun toegesê, maar het blykbaar nou tot ander insigte gekom.

# „Uit Samewerking Sal Daar Eenheid Groei"

**„As dit dan so moet wees dat hierdie generasie soos al die generasies voor ons die edikbeker moet drink, dan sal die Ossewabrandwag dit namens die Afrikanerdom doen en daar sal genoeg gewillige hande wees wat na die beker sal gryp om dit te ledig", het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, verlede Saterdagaand voor 'n groot gehoor in die Stadsaal, Stellenbosch, met verwysing na die dreigement in verband met S.A. „oorlogsmisdadigers" verklaar.**

Prof. E. E. van Rooyen het die vergadering, wat deur hoofkomdt. B. I. C. van Eeden gelei is, met gebed geopen. Genl. dr. S. J. Pretorius het die K.G. en die Adjunk-K.G. verwelkom.

Gedurende 1940 het daar 'n ongekende gees van liefde en broederskap oor die land getrek en die volk besiel soos slegs die Ossewatrek gedoen het. Al daardie liefde en besieling het uit die Ossewabrandwag gekom, het die K.G. gesê.

Maar in 1941 is hierdie liefde vergiftig met die storie dat die O.B. met die Empire en met Smuts skakel. Die liggelowiges in die volk het dit geglo, en die volk het in sy siel skade gely. Daardeur is onberekenbare skade toegevoeg nie net tot die O.B. nie, maar aan die nuwe liefde en hoop van die Afrikanervolk.

### AANKLAG

Onlangs is in 'n parlementêre debat gesê dat daar mense in hierdie land is wat oorlogsmisdadigers is omdat hulle die regering se oorlogspoging gesaboteer het. Die Klug van Neurenberg, waar die veroweraar skuil agter 'n hof, moet ook nou hier herhaal word.

Ene Marwick, 'n Boerehater, het 'n mosie ingedien dat daar ondersoek ingestel moet word na oorlogsmisdadigers in die land. As hierdie Marwick 'n slagoffer soek, is dit vanselfsprekend dat dit 'n Afrikaner sal wees. Hy het ondersteuning gekry van ene Morris Kentridge (alias Moses Kantorowitz) namens die Jode, en ene Strydom namens die Opposisie van Sy Majesteit.


**„Wat hierdie aantygings teen die O.B. betref, erken en repudieer die Ossewabrandwag niks. Ons gaan ons pad — die Republikeinse pad — en ons sal ons nie hiervan laat afbring nie, nòg deur Sy Majesteit se Opposisie, nòg deur Sy Majesteit se regering en — met alle respek vir sy persoon — ook nie deur Sy Majesteit self nie",** het die K.G. onder langdurige toejuiging verklaar.

### WAAROM DAN?

„As dit dan waar is dat die O.B. nie met die Empire geskakel het nie en nou uitgeruik moet word as „oorlogsmisdadigers" teen die Empire, waarom was dit dan in 1941 nodig om al daardie liefde, moed en hoop van ons volk te vergiftig met leuens dat die O.B. met die Empire skakel?

**Vandag, omdat ons nie genoeg geskakel het nie, is ons oorlogsmisdadigers.**

**Hierdie leuens is een van die grootste skandes waaroor die volk nog berou sal hê.**



Die K.G.

Die K.G. het verklaar dat alle groepe dit met Marwick eens is, dat die O.B. gekruisig moet word. „Ook die £2,000-storie het nou minder populêr geword vandat die leier van die Opposisie £2,000 uit die hand van Smuts ontvang.

### IETS NUUTS

As die Ossewabrandwag 'n duplikasie van iets anders was, sou hy vandag nie meer bestaan het nie en het hy geen bestaansreg gehad nie. Maar die O.B. het iets nuuts aan die boesem van ons volk gebring, nl. die sosialistiese gedagte.

Vir die eerste keer het ons 'n Beweging wat nasionaal en ook sosiaal is. **Vir die nasionalistiese stroom het hy die offers in die kampe en tronke gebring, en sy sosialistiese gedagte het hy in sy Noodhulpfonds uitgelewe deur meer as £85,000 vir die onderhoud van die afhanklikes van die slagoffers te bestee het.**


Omdat die O.B. 'n nuwe inhoud het, en dit nie in die ou vorm pas nie, soek hy daarvoor 'n nuwe vorm in 'n partylose stelsel. In die plek van hierdie partye moet sekere pilare of magsorganisasies gestel word waarop die regering kan rus.

### KUNSMATIG

**Die regering rus vandag op kunsmatige partye wat mekaar afwissel en haat en twis saai tot selfs binne in die Kerk. As jy hierdie haat wil breek, moet**

(Vervolg op bls. 8, kol. 2)

### VERMISTE SKAKEL



**In Berlyn is 'n baie groot oorwinningsmonument deur die Russe opgerig waarop die portrette van Truman, Stalin en Churchill aangebring is. Onlangs het Stalin se portret, in die middel, op geheimsinnige wyse verdwyn. Daar kon nie vasgestel word of dit die werk van Duitsers of die Russe self was nie. Dit het gelyktydig gebeur met die verslegting van betrekkinge tussen die Drie Grotes oor die Persiese vraagstuk.**

## Broodlose Dag


*Die instelling van 'n broodlose Woensdag met die doel om brood te bespaar, is deur genl. Smuts verlede week oor die radio in vooruitsig gestel. Hy het gesê dat die broodverbruik van die Unie met 25 persent ingekort moet word om aan te pas by die tekort wat daar heers aan koring. Daar word tans stappe gedoen om dit ten uitvoer te bring. „Elkeen moet persoonlik besuinig in die gebruik van brood en meel, en dit moet van vandag af geskied om te verhoed dat sy gesin later sonder brood sal wees," het hy gesê. Die broodlose Woensdag sal die vleislose Woensdag vervang wat die regering van plan is om op te hef omdat die vleisvoorraad nou genoegsaam aangegroei het.*

*Die invoering van 'n broodlose dag word allerweë beskou as 'n geweldige slag vir die laagbesoldigde deel van die volk wat weëns die hoë vleis- en groentepryse hoofsaaklik op brood lewe. Vir hulle sal dit hongersnood beteken. Die rykes sal wel voorsiening kan maak — desnoods op die swartmark.*

## Russe Trek Terug

Die Persiese geskil het 'n verrassende wending aan die begin van die week geneem toe ewe plotseling deur Rusland aangekondig is dat hy besig is om sy troepe uit die gebied te ontruim vanaf 24 Maart, en dat dit binne vyf tot ses weke voltooi sal wees „as niks onvoorsiens gebeur nie."

Hierdie aankondiging volg op die mislukte poging van die Sowjet om die geskil buite die Veiligheidsraad te hou nadat Persië 'n klag ingedien het. Rusland het gevra dat die saak uitgestel moet word, maar sowel Persië as die V.S.A. het aangedring op voorrang van die geskil op die agenda.


Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK., Posbus 3180 - - - KAAPSTAD

# Alleen Omwenteling Sal Help — Nie Afwisseling

## *A.K.G. ROEP OP TOT AKSIE*

**„U KAN NIE EEN PARTY VIR 'N ANDER VERRUIL NIE. U MAAK NIKS REG DEUR NET DIE SPAN WAT VOOR DIE STAATSWA TREK OM TE RUIL SONDER OM DIE KOERS OOK TE VERANDER NIE. SOLANK U OP 'N ADDERNES SIT — IN DIE PARLEMENT — SOLANK BROEI U ADDERS UIT! DIS DIE NES EN DIE INHOUD WAT VERANDER MOET WORD", het Adjunk-K.G., J. A. Smith, verlede Saterdagaand op Stellenbosch gesê by geleentheid van die groot vergadering wat deur hom en die K.G. gehou is.**

Genl. Smith het gesê dat die stryd wat die volk en Suid-Afrika moet voer, nou op elke gebied en lewensterrein, polities, ekonomies, maatskaplik, kultureel, elkeen van ons roep om sy grootste en beste by te dra tot die bevryding van ons volk en vaderland van sy knegskap aan 'n vreemde bestuurstelsel.

Dit is geen denkbeeldige stryd nie, maar 'n praktiese, 'n werklikheid. Die feit is net dat meeste dit op 'n negatiewe wyse voer i.p.v. 'n positiewe. **„Dit is nie 'n stryd waardeur u net moet keer dat u teenstanders die meeste parlementêre setels kry nie, maar een om reg te maak wat verkeerd is".**



Die A.K.G.

Die O.B. — so ook die hele volk — het nie twee beleide, een vir oorlogstyd en 'n ander vir verkiesingstyd, sogenaamd vredestyd, nie.

**Daar was en is en bly net een beleid, die bevryding van ons volk en vaderland.**

In werklikheid verander ook nie eens die taktiek nie, het selfs die middels skynbaar, maar nie werklik verander nie.

### EEN SOOS DIE ANDER

**U kan nie een party vir 'n ander verruil nie. Die een is wat u en u volk betref, net so volksvernietigend as die ander. Daarom het Engeland en sy kalfaktors vir S.A. 'n partystelsel deur die S.A.-wet opgelê.**

En u maak niks reg nie, u kan niks regmaak deur net die span wat voor die staatswa trek, om te ruil sonder ook die pad, die koers en die rigting te verander nie!

**Solank u op 'n addernes sit — in die parlement — broei u adders uit! Dis die nes en die inhoud wat verander moet word.** Daarna streef die Ossewabrandwag.

**'n Stem by 'n partyverkiesing vir 'n partykandidaat bly ten alle tye 'n stem vir volksverdeeldheid.** Geen party-bewind kan nasionaal wees nie, of was ooit nasionaal nie, d.w.s. dit is alles bedrog om so te beweer, of selfbedrog om so iets te glo.

Maar 'n alles-omvattende volksbeweging, gegrond op die belange van die hele volk, kan daar kom en kan daar wees. Dit is nasionaal. U is die begin en die kern van daardie magsbeweging.

### BUITEPARLEMENTÊR

U as kern is geroep om die buite-parlementêre aksie te onderneem en deur te voer. As die volk buite die parlement praat, dan het 'n mens geen buskruit, soos die ou anti-demokratiese held, Guy Fawkes, nodig om dit in die niet te laat verdwyn nie. Die mag lê wel in partye om die een van die ander by stembusse setels af te neem, of op eleksiebyeenkomste blou oë en tande uit te slaan, maar nie om 'n land van 'n verderflike partystelsel te bevry nie. **Die mag lê in 'n partylose Afrikanerdom!**

### VOLKSFRONT-KOMITEES

**U moet begin met die stigting van plaaslike volksfront-komitees as 'n voorlopige stap en ander beweeg tot samewerking vir die uitwissing van die partytwiste wat uitloop op sulke onchristelike tonele soos in die Caledonse tussen-verkiesing waar Afrikaners mekaar soos woestaards op vergaderings stukkend geslaan het.**

Die tyd word vinnig ryp en ryper vir die groot omwentelingsaksie. U werk as brandwagte van die Afrikanerdom word meer en ernstiger. Daar is geen tyd om te versuim nie.

Duistere magte van grootkapitaal, van die inspanning van groot geldbedrae deur die partye teen die volk se ontwaking teen die verderflike, volksvernietigende partyskap word aangewend.

Huurling-agente jaag die land af om die mense in hul ontwaking 'n rat voor die oë te draai en hulle te mislei.

Dit is u taak om deur u invloed as volksmanne en -vroue daardie misleidings en bedrieërye te bekamp.

### STERKER MAAK

**Maar u onmiddellike taak is ook om u organisasie sterker en meer slagvaardig te maak — sterker as ooit om die stryd te wen.**

Die geleentheid kom haastig nader vir die voltooiing van u groot gekonsolideerde aksie buite die parlement.

U het verder al gewen as wat u ooit kan dink. U ideale, u hervormings, u rigting, word oral buite u eie kringe al aangevoel en selfs aanvaar.

Dit alles is daadwerklike buite-parlementêre aksie, die uitvoering o.a. van bogenoemde take.

### GROTER AKSIE

Maar groter aksie staan u voor die deur. U as die georganiseerde kerngroep in die volk staan reeds te midde van 'n groter wordende chaotiese toestand op sowel die ekonomiese as op die politieke gebied.

Mense sal hul partye moet los om in aksie te bring die enigste werklike fondament waarop die staat, en dus die volk, berus en waarsonder geen ordelike staat ter wêreld kan voortbestaan nie, nl. die georganiseerde en lewensbelangrike bedrywe, beroepe of roepings, m.a.w. die nie-partypolitieke instellings en belange.

### GROEPE

**Die dag kom haastig wanneer die mense in die verskillende bedrywe, soos o.a. die boere, die nyweraars, produsente, werkers in fabrieke, myne, spoorweë, ens. hul organisasies sal moet inspan om direkte seggenskap in die landsbestuur te kry, i.p.v. deur middel van politieke partye.**

Die dag kom dat die na-oorlogse wanverhoudings op ekonomiese gebied industriële onluste, soos in 1922, maar nog op groter skaal, gaan oplewer. Maar hierdie keer veel omvangryker — **'n volk in verset teen 'n mislukte bestuurstelsel, die partystelsel wat nog nimmer 'n volk uit sy smarte gered het nie.**

### MIDDELS

Die middels om ons doel en ideaal te bereik, kan kortliks opgesom word deur te noem:

(1) **Die pers** wat ons besig is om op te rig en uit te bou en propaganda deur ons doelstellings oor te dra aan andere buite ons organisasie;

(2) **Dissiplinering** van die volk binne die Ossewabrandwag om as keurgroep koers te hou;

(3) **Direkte politieke tussenaksie**, o.a. deur middel van:

(a) **'n Volksfront** op parlementêre terrein te verkry deurdat ons partyskap wat samewerking uitsluit, bekamp; en

(b) **Deur buite-parlementêre aksie** — die enigste wat nog ooit 'n volk uit 'n toestand van politieke chaos en slawerny gered het en hom sy vryheid gegee het.

### GELEENTHEID

Die geleentheid vir die uitvoering van ons onmiddellike taak, die werk van vandag, van die oomblik, is daar ten opsigte van ons personderneming. U, elkeen van u, moet in hierdie taak u uiterste krag inspan en die grootste bydrae lewer. Die geleentheid is ook hier vir die onmiddellike taak van die bewerkstelliging van 'n volksfront waarmee u pers moet help. **U kan nie stilsit of bestaande partye help om die volk in partykampe gekloof te hou nie.**

Die pad is vandag helderder, die koers sekerder as ooit sedert die ontstaan van hierdie Volksbeweging. Dit bly egter presies dieselfde as wat dit was by die stigting en by die bepaling van die beleid vyf jaar gelede.

### NOG ALTYD

**Nog soos altyd glo ons aan 'n eenheidsvolk en 'n eenheidstaat. Nog glo ons aan 'n volkstaat wat die gesag van die volk en nie van 'n groep of party het nie.**

**Nog glo ons aan dieselfde eindbestemming vir Suid-Afrika, nl. 'n Republikeinse Volkstaat.**

**Nog glo ons aan 'n volksfront, en is ons meer oortuig as ooit dat ons heil nimmer langs die weg van die partyskap of party-stembus gesoek kan word nie.**

**Nog glo ons in 'n buite-parlementêre front en buite-parlementêre aksie as die enigste deurslaggewende middel tot vryheid en volkseenheid.**

Maar nog glo ons en is ons oortuig geword van die mag en krag van 'n gedissiplineerde kerngroep om die deurslag te gee en oorwinning te behaal. Dit is die Ossewabrandwag, die Organisasie wat nie die stryd in die oorlog verloor het nie, wat onverwinlik anderkant uitgekom het.

Vra u vriende om op „Die O.B.", amptelike weekblad van die Ossewabrandwag, in te teken en kennis te maak met die belangrikste nuwe gedagterigting in Suid-Afrika.

# H.N.P.-Lid Bedank K.G. Na Toespraak

Die Kommandant-genl., dr. J. F. J. van Rensburg, het 'n reeks baie geslaagde vergaderings in Kaapland gehou, wat veral gekenmerk was deur die aanwesigheid van groot getalle belangstellendes buite die Beweging. In besonder geld dit Willowmore, George, Heidelberg en Caledon.

**Op George het 'n vooraanstaande H.N.P.-lid na afloop van die toespraak, waarin die K.G. die vervanging van die ingevoerde partystelsel deur 'n stelsel van beroepsverteenwoordiging bepleit het, opgestaan en gesê dat hoewel hy geen lid van die Ossewabrandwag is nie, maar van die H.N.P., hy graag sy dank en waardering wil uitspreek vir die toon van die toespraak en die gees waarin die vrae beantwoord is.**

'n Groot aantal vrae is naamlik veral deur lede van die H.N.P. gestel en op simpatieke wyse deur die K.G. beantwoord.

Op Knysna is die stadsaal aan die O.B. geweier, hoewel dit aan alle partye reeds gegee is, en selfs al vir 'n kleurlingdans.

# Van Kaptein tot . . . Kantoorbode

Daar heers 'n algemene gees van ontevredenheid onder soldate wat nou al etlike maande in die Unie terug is en nog steeds sukkel om gedemobiliseer te word. Etlikes het verklaar dat hulle geen teken kan sien van die uitvoering van al die beloftes wat aan hulle gemaak is toe hulle aangesluit het nie.

Een van die griewe is dat manne in dieselfde posisie geplaas word wat hulle vyf, ses jaar gelede verlaat het. Hulle voel dat hulle hul lewens verkwis het.

„Ons sien nie kans om, nadat ons al die jare op die slagveld was en die beste van ons lewe weggegooi het, weer van onder af te begin nie" het een gesê. „As ons weier om die werk aan te neem, trek ons eenvoudig aan die kortste end. Daar is vandag vir 'n ongetroude soldaat geen kans nie. As jy geen vrou en kinders het nie, het hulle by die demobilisasie-kantoor vir jou eenvoudig geen tyd nie. Geen man van my leeftyd kan dit bekostig om vir 'n salaris van £15 per maande te werk nie. Watter vooruitsigte is daar?" Hy verklaar dat hy juis aangesluit het omdat die betrekking waar hy was, vir hom geen moontlikhede ingehou het nie. Nou dwing hulle hom terug na dieselfde betrekking.

'n Ander geval het onder ons aandag gekom. Voordat die persoon by die leër aangesluit het, was hy 'n kantoorbode wat 'n weeklikse loon ontvang het. As gevolg van sy bekwaamheid het hy in die leër geklim tot kaptein met 'n hoë maandelikse inkomste. Nou dat hy teruggekeer het, is die logika van die demobilisasiekantoor dat hy weer in sy vorige betrekking herstel moet word.

PRESIDENT MOTORS
BEPERK
vra:
**Kies Vandag ! !**
òf Moontlike Kapitaal-Appresiasie deur Gewone Aandele
òf Gewaarborgde 5 pst. Diwidend deur Preferente Aandele

| | |
|---|---|
| 300,000 Gewone Aandele, 5/- elk | £75,000 |
| 25,000 Akkumulatiewe Preferente, £1 elk | 25,000 |
| Huidige Geoutoriseerde Kapitaal | 100,000 |
| Reeds Uitgegee 46,000 Gewone | 11,500 |

**Geen** KONTROLE ! ! !
SPESIALE STEMREGTE ! ! !

Agente vir General Motors — CHEVROLET, BUICK, ens., te Bloemhof en Schweizer-Reneke. Ander dorpe volg binnekort. — Gespesialiseerde Tweedehandse Handel in Johannesburg.

Direksie: Dr. Phil J. Botma, Best. Dir.; Ben. J. Pienaar, Voors.; Ryk Nagel en Adv. D. F. du Toit.

Doen aansoek by:
DIE SEKRETARIS — Bus 7638 — JOHANNESBURG.
*Die geleentheid waarop u Gewag het*

# L.V.'s Ken Hulself £300 Verhoging Toe

## „Die Sensasie Van Hul Loopbaan"

**Onder uitroepe van „Hoor, hoor" het genl. Smuts verlede week in die parlement aangekondig dat die salarisse van parlementslede verhoog gaan word met £300 per jaar, sodat hulle in die vervolg £1,000 sal ontvang. Ministers sal £500 meer kry deurdat hul salarisse opgeskuif word na £3,000, terwyl die Eerste Minister voortaan £4,000 per jaar sal ontvang.**

**Daar het 'n heel nuwe element bygekom in die feit dat die leier van die opposisie voortaan 'n salaris van £2,000 sal ontvang — teenoor £700 in die verlede.**

**Hiermee het die amptelike status van Sy Majesteit se Opposisie in die Britse parlementêre stelsel 'n verdere formele beslag gekry. Dit het nou 'n besoldigde pos in die parlementêre stelsel geword, wat 'n groter subsidie op volksverdeeldheid beteken.**

Behalwe hierdie verhogings sal parlementslede vir die eerste drie maande van die jaar 'n spesiale toelaag van £75 ontvang — die helfte van die toelaag wat verlede jaar aan hulle uitbetaal is.

### NET EEN

Die enigste lid wat hom nie met die verhoging vereenselwig het nie, was kol. Stallard, wat gesê het dat dit 'n baie ongeleë tydstip is vir die parlement om die salarisse van sy eie lede te verhoog in die aangesig van soveel armoede wat in die land heers. **„Om die minste daarvan te sê, is dit baie onwelvoeglik dat lede van die parlement vir hulself 'n aansienlike verhoging toeken. Die taak van die parlement behoort te wees nie om die beter besoldigde klasse se inkomste te verhoog sodat hulle nie die nood voel druk nie, maar om die moeilikhede en ongerief waaronder almal gebuk gaan, te deel".**

### „NOG TE MIN"

Dit was opvallend — en kenmerkend van die parlementêre stelsel — dat dit 'n voormalige Minister van Arbeid was, mnr. Walter Madeley, wat kol. Stallard in die hare gevlieg het met die aanmerking dat hy tog in elk geval nog nooit iets vir die armes gedoen het nie, en daarom nie nou hoef teen te stribbel nie. **£1,000 is nog te min; 'n parlementslid behoort £1,200 te kry, het mnr. Madeley gekla.**

### SENSASIE

Die Cape Times se parlementêre verslaggewer het die benydenswaardige meevaller in die volgende woorde saamgevat:

**„Lede het vanmiddag die sensasie van hul parlementêre loopbaan gehad toe genl. Smuts skielik aangekondig het dat hulle almal £300 per jaar verhoging sal ontvang".**

Nadat die parlementslede hulself so ryklik gehelp het, sal dit nou die taak van die volk wees om homself te red deur eerstens ontslae te raak van die beroepspolitici wat die volk kamstig verteenwoordig, maar wie se „bestaansveiligheid"-maatreëls nooit verder kom as selfversorging nie.

## „Vrygewige" L.V.'s

**Die Britse parlementslede het hulself verlede week die aansienlike verhoging van £400 per jaar laat welgeval. Voorheen het 'n parlementslid in die „Moederland van Parlemente" £600 per jaar ontvang. In die vervolg sal dit £1,000 wees waarvan die helfte vrygestel sal wees van belasting. „Die parlementslede was inderdaad vrygewig teenoor hulself", was die kommentaar van die Economist op hierdie selfhelping.**

# Wat Die Volk Dink Van Verhogings

**Dit was opvallend hoe eenstemmig die verskillende partyperse was in hulle verwelkoming van die verhoging van die salarisse van die parlementslede. Om vas te stel of die publiek die salarisverhoging ook in dieselfde gees aanvaar, het 'n verteenwoordiger van Die O.B. verskeie persone op straat en in kantore genader en hulle om hul opinies gevra. Dit was ook opvallend hoe eenstemmig al hierdie persone was in hul menings.**

'n Kafeejuffrou het haar as volg uitgelaat: „Toe ek dit lees het my bloed gekook. Dit is die skandaligste waarvan ek nog ooit gehoor het. Daar sit hulle in die parlement en net waar hulle gaan, ry hulle verniet en het hulle geen onkoste nie. As 'n party wil voorgee dat hy die land wil verbeter, dan kan ons dit maar vergeet as die parlementslede sulke hoë salarisse trek. Nou dink hulle net aan hulle baie geld en hulle het vergeet dat ek en jy honger ly. Daar is baie ander mense in die land wat meer behoefte het aan beter salarisse".

### MEER NODIG

„Dis 'n onregverdige besigheid", het 'n man wat op 'n bus staan en wag het, gesê. „Hul salarisse was reeds te hoog en nou word dit weer vermeerder. Hulle het alles vry en ons moet maar opdok om aan hulle hierdie koninklike salarisse te betaal. **Waarom betaal die regering nie hierdie geld liewer aan die posbeamptes nie? Hierdie mense werk vir 'n salaris waarop hulle geen menslike bestaan kan maak nie. Vergelyk die salarisse van die staatsamptenare met dié van die parlementslede. Die een leef in gebrek, terwyl die ander nou in die geld sal swem".**

### SOLDATE

Twee soldate wat voor 'n juwelierswinkel gestaan het, het nie geskroom om hul ontevredenheid in sterk taal uit te druk nie.

„Ons, het die hele aand gisteraand hieroor gesels", het een gesê. „Hierdie b.... lewe op die vettigheid van die land en nou word daar nog meer in hulle gestop. **Hulle was die manne wat vir ons gesê het ons moet aansluit. Nou dat ons terug is, het hulle vrede met ons. In plaas van dat hulle toesien dat hul beloftes uitgevoer word, dink hulle net aan hulleself. Ek wens ek kon onder die d . . . . inspring".**

'n Ander soldaat wat besig was om 'n Engelse oggendblad te lees, het in Engels verklaar: „Die parlementslede behoort te ontvang wat hulle verdien en vir die land beteken. **Vir my het hulle nog niks beteken nie, waarom moet hulle dan soveel meer verdien as al die ander mense?"**

### BEGEERTE

'n Engelssprekende dame wat met haar vriendin staan en gesels het by een van die busstoppe, het verklaar dat sy nie die sin van die salarisverhoging kan insien nie. Behalwe dat hierdie lede nog hul eie besighede het, en op allerhande maniere voordeel trek uit hul posisies, word hul salarisse nog verhoog. „Ek wens ek was die vrou van 'n parlementslid", het hierdie dame gesê.

'n Busbestuurder het gesê: „Met die volgende verkiesing gaan ek my verkiesbaar stel. Hier ry ek van die môre tot die aand elke dag van my lewe en hulle sit daar op sagte kussings. Hulle het mos 'n „soft job" in die parlement. Ek sien nie die nodigheid in dat hulle baie moet kry nie. Daar is baie mense in hierdie stad wat harder werk as hulle doen en beswaarlik 'n bestaan maak".

### „NOG NIKS GEDOEN NIE"


'n Koerantverkoper het verklaar: „Meneer, dit kan mos nooit reg wees dat een man so baie geld verdien nie. As ek in die oggend daar by die parlement verbystap, dan lyk dit mos nie vir my of hulle kan swaarkry nie. Dit maak mens kwaad om te dink hulle eet lekker en kry baie geld terwyl ons mense moet sukkel om kos in die hande te kry. Meneer weet, hulle loop graag op sagte tapyte, maar vir my het hulle nog niks gedoen nie".

# Russe In V.S.A.-Uniform Skaak Duitsers

**Kort gelede is in die pers berig dat die vier besettingsmoondhede in Berlyn 'n gesamentlike kommissie benoem het om te waak teen die „ongemagtigde inhegtenisneming van Duitsers" ná die geheimsinnige verdwyning van vier Duitse magistrate.**

**Die Review of World Affairs werp interessante lig op hierdie soort verdwynings in die volgende beskrywing:**

**„Kort gelede het 'n pro-Geallieerde politikus beskerming gevra teen wat hy as 'n bedreiging van die Russiese geheime polisie beskryf het. Hy is eers uitgelag oor sy vrees, maar uiteindelik is hom 'n wag toegestaan. Kort daarna het 'n konvooi Geallieerde motors by sy woning opgedaag. Veertig manne in Amerikaanse uniform het uitgeklim. Hulle was almal Russe en is deur 'n hoë Sowjet-beampte gelei. Daar het 'n geveg uitgebreek en verskeie persone is gedood. Dit het plaasgevind in 'n nie-Russiese gebied en was gemik teen iemand wat bloot pro-Angelsaksies was. Daar het nie 'n woord hiervan in die openbaar verskyn nie."**



WAARDE VIR GELD

## VROUEWAG TREK LAER

'n Geslaagde laertrek vir die Vrouewagte van die Skiereilandse generaalskappe is gedurende die naweek van 9 Maart naby Bellville gehou.

Asst.-waggenl. Bester was in bevel van die laer. Komdte. Jeppe en komdt. Steyn het opgetree as kampmoeder en kampvader. Die voorstedelike manne-wag van Kaapstad was verantwoordelik vir die beskerming van die laer, asook vir die etes en kampinrigting.

## OFFISIERE VERTREK

Op 13 Februarie het O.B.-lede van Hendrina afskeid geneem van komdte. S. J. Joubert en haar eggenoot veldkt. Nik Joubert, wat Hendrina verlaat en hulle op Brits gaan vestig. Veldkt. Van der Merwe het hulde gebring aan komdte. en veldkt. Joubert vir hulle troue dienste. Dit is met leedwese dat die kommando moes afskeid neem van twee van hulle gewildste offisiere. 'n Pragtige ruiker is deur mev. Von Wielligh aan komdte. Joubert oorhandig.

U moet nie alleen „Die O.B." noem by u firmas nie — u moet ook die firmas wat by u adverteer ondersteun en die blad noem.

*Vir Deftige Tabberds*
*Twee-stuk Rokke*
*en Somerhoede*
Kom seker eers na
Steyns
DIE DAMES-WINKEL
PAROW

4 VRAE WAT ALLEENLIK U KAN BEANTWOORD . . . .

(1) Is u tevrede met die Kwaliteit van die Drank wat u nou kry?
(2) Is u daarin geïnteresseerd om dranke te bekom waarvan Karakter, Buitengewone Smaak en Keurigheid die treffendste punte is?
(3) Weet u dat Excelsior Wyne, Brandewyne en Likeure hierdie eienskappe besit?
(4) Weet u dat die Excelsior Wynmakery se produkte verkrygbaar is teen die laagste pryse verenigbaar met kwaliteit?

Skryf vandag vir 'n volledige Pryslys! Dit en u Bestellings sal onmiddellike Aandag geniet.

Excelsior Wynmakery
Posbus 1 Foon 902
Telegr. Excelsior, Vlakteplaats.
VLAKTEPLAATSSTASIE, K.P.

diens

EEUFEESPOSKAARTE
1/6
PER DOSYN
SLEUTELKETTINGS
1/6
Posgeld 2d.
FAKKELLOOPPENNINGS
Egte Silwer 30/-
Posgeld 4d.
EEUFEESMEDALJES
9d
Posgeld 2d.

DAMES MANS EN SEUNS UITRUSTERS EN SNYERS
Uniewinkels
BEPERK
(Geregistreer onder Wet Nr. 29 van 1939)
KERKSTRAAT — PRETORIA
TAKKE:
JOHANNESBURG
VEREENIGING
BENONI
KAAPSTAD

„DIE O.B.," WOENSDAG, 27 MAART 1946

# Nou Weet Die Volk

Toe die oorlog in 1939 uitgebreek het, het die Afrikanerdom oor 'n gedugte magsmiddel beskik in die vorm van die Ossewabrandwag. Met sy honderdduisende lede het hy 'n magsmiddel uitgemaak waarvoor elke vyand van die Afrikanervolk ontsag gehad het. **Genl. Smuts het geen raad met hierdie magtige organisasie geweet nie. Hy het sy amptenare belet om lid te wees, maar het goed geweet — in die woorde van die K.G. — dat daar 'n streep deur hul name getrek word nie deur hulle harte nie. Genl. Smuts se enigste hoop was, so is later van vyandelike kant erken, dat daar verdeeldheid binne die O.B. sou ontstaan wat sy posisie kon red.**

Daardie verdeeldheid het ontstaan toe dr. Malan oorlog teen die O.B. verklaar het. Die Ossewabrandwag was vir tyd en wyl, sover dit die regering betref, onskadelik gemaak. Groot getalle Afrikaners het die Ossewabrandwag verlaat om die blote rede **dat aan hulle gesê is dat die O.B.-leiding met Smuts skakel en dus nie vertrou kan word nie. Tot vandag is dit die oorheersende element in die anti-patie teenoor die Ossewabrandwag.** Om krag by te sit is die storie versprei dat dr. Van Rensburg 'n pensioen uit die hand van genl. Smuts ontvang het — 'n pensioen wat in werklikheid al in 1938 deur die parlement aan hom toegestaan is en waarvoor dr. Malan self gestem het!

**ANDER STORIE**

Nou, nadat die Afrikanerdom al die ellende van die oorlog weerloos ondergaan het en tienduisende Afrikaners gekke van hulself gemaak het om wantrouig te twis met hul mede-Afrikaners omdat dié dan met Smuts sou skakel, kom dieselfde politici wat die volk indertyd hierdie skakelstories wysgemaak het, en erken in die parlement dat hulle met die O.B. gebreek het nie **omdat hy met Smuts geskakel het nie, maar omdat hy teen Smuts „ondergrondse en revolusionêre aktiwiteite beoog het."**

So verklaar mnr. J. G. Strydom, Transvaalse leier van die H.N.P., as volg in die parlement, na aanleiding van die voorstel in verband met S.A. oorlogsmisdadigers (Hansard No. 5, par. 2029):

> „Ek weet nie of hulle bedoel dat die staat in gevaar was omdat 'n telegraaflyn hier deurgeknip en 'n brug daar opgeblaas is nie, maar laat ek net sê dat wat die betrokke organisasie betref, naamlik die Ossewabrandwag — **ek meen my leier het dit die ander dag reeds gesê** — dat ons onmiddellik nadat daar bewyse was dat die Ossewabrandwag 'n standpunt inneem wat ons nie kan goedkeur nie, ons geskeur het van die Ossewabrandwag...Daar is ooreengekom oor sekere dinge en nadat die Ossewabrandwag in stryd daarmee gehandel het, **het die skeuring gekom, JUIS OMDAT ONS ONS AAN WET EN ORDE WOU ONDERWERP."**

**KANS VIR LIKWIDASIE**

Met ander woorde toe die Ossewabrandwag magteloos geskeur moes word — hierdie magsmiddel van die Afrikanerdom — is aan die volk gesê dat hy **met Smuts skakel en 'n verraaiersorganisasie is.** Daar is gedeeltelik in hierdie doel geslaag. Maar nou dat daar 'n moontlikheid bestaan dat die O.B.-leiers as oorlogsmisdadigers tereggestel kan word, voer dieselfde politici aan dat hulle eintlik geskeur het **juis omdat die O.B. 'n oorlogsmisdadigersbeweging is wat revolusie teen Smuts wou stig!**

Wanneer het hulle die waarheid gepraat? Wat die volk betref sal daar op gelet word dat genl. Smuts verlede Donderdag in die parlement nog geweier het om gewere aan die publiek vry te stel omdat daar 'n „Kommandant-generaal in die land is wat spog dat hy 60,000 lede het." **Genl. Smuts self glo dus in elk geval nog nie die „skakelstorie" nie!**

**Maar daar sit bittere ironie in dat dit juis verlede week ook moes gebeur dat dr. Malan 'n salaris van £2,000 uit die hand van genl. Smuts persoonlik ontvang — genl. Smuts het nl. die voorstel ingedien — nadat die volk vir soveel jare wysgemaak is dat dr. Van Rensburg met £2,000 deur Smuts omgekoop is om sy volk te verraai! En juis op die tydstip dat genl. Smuts maatreëls tref om dr. Van Rensburg as „oorlogsmisdadiger" tereg te laat stel — soos die regering in elk geval in die openbaar dreig om te doen.**

# 'n Politikus Red Homself

Na die parlementsitting verlede jaar het ons in 'n hoofartikel daarop gewys dat die parlement begin het met praatjies oor „social security" maar dat dit geëindig het met bestaansveiligheid vir die beroepspolitici deur op die laaste oomblik vir hulself 'n ekstra toelae van £150 te stem. Vanjaar het dit nie eens begin met bestaansveiligheid vir die volk nie en nog sommer vroeg in die sitting is die bestaan van beroepspolitici baie deeglik beveilig met 'n verhoging van £300 elk.

Niemand het beswaar dat 'n persoon behoorlik vergoed moet word vir sy dienste nie, **maar onder die huidige stelsel van regering, waar die „volksverteenwoordigers" hulle vir die grootste deel van die tyd vermaak met 'n ligsinnige kleilat-spel van woorde, sal die volk slegs met die grootste verontwaardiging kennis neem van hierdie „sensasie van hul loopbaan" wat die parlementariërs hulself uit die inkomste van die volk veroorloof het.** Die eenparigheid waarmee die voorstel onder toejuiging aanvaar is, steek skreiend af by die slakkegang waarmee die salarisse van ander groepe in die staatsmasjinerie deur hierdie

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

parlementariërs benader word. Die amptenare wat die eintlike werk in verband met die staatsbestuur verrig — en selfs die gegewens aan die parlementslede moet verstrek wat hulle as ammunisie gebruik om mekaar te bestook — werk al die jare al op hongerlone. **Dat 'n amptenaar na agt jaar diens nog maar soveel as £25 per maand verdien, wanneer verwag word dat hy reeds 'n gesin moet onderhou, is 'n skandaal wat net oortref word deur die feit dat 'n kommissie van ondersoek nodig geag word om ondersoek in te stel daarna, en dat na twee jaar van „ondersoek" nog niks daaraan gedoen is nie.**

Dit is dan ook geen wonder dat 'n geharde politikus soos kol. Stallard — die enigste lid wat beswaar gemaak het — rooi agter die ore gevoel het nie. En die feit dat hy deur 'n kollega verwyt is dat hy tog in elk geval nog nooit iets vir die armes gedoen het nie, onderstreep slegs die groteskheid van die maatreël: as niks anders sy hart kon vermurf het nie en hierdie maatreël kry dit reg!

(Alle politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe is opgestel deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad).

**Buitelandse Oorsig**

# Die Iraniese Strydpunt

DEUR PROF. DR. J. A. WIID.

**Die wêreld begin langsaam gewoon te word aan berigte en gerugte van stryd en botsing tussen die V.S.A. en Brittanje aan die een kant en Sowjet-Rusland aan die ander kant. Hierdie stryd tussen die wapenbroers van gister dreig om kronies te word en al het dit nog nie verder ontwikkel as die diplomatieke en propagandistiese stadium nie, sal dit alleen 'n wensdenker wees wat sal beweer dat hierdie stryd nie ernstiger vorms sal aanneem nie, dat dit nie op 'n kragmeting sal uitloop nie waar die een kant óf sal moet buig óf met ander wapens as papierbomme sal moet veg. Die eerste sal tot gevolg hê die verlies van nasionale prestige, die tweede 'n derde wêreldoorlog. Onder die baie strydpunte is dit veral Iran, die Persië van ouds, wat vandag wêreldwye aandag geniet.**

WAAROM IRAN?

Waarom is dit dat Iran, 'n land met 'n klein, swak en arm volk wat in die huidige wêreldpolitiek tog geen positiewe rol kan speel nie, so skielik belangrik genoeg word om 'n nuwe moontlike wêreldbrand te laat ontstaan? Het die Iraniese strydpunt ontstaan omdat Sowjet-Rusland sy belofte aan Amerika en Brittanje gebreek het deur sy nie-ontruiming van Iran aan die begin van hierdie maand? Maar belofte-verbrekings het gedurende die laaste jare so veelvuldig onder grootmoondhede voorgekom sonder om ernstige strydpunte te veroorsaak, dat alleen 'n naïewe mens sal glo dat die Russiese belofte-verbreking as sodanig insake die militêre ontruiming van Iran die Iraniese strydpunt in die lewe geroep het. Dit lê dus voor die hand dat ander faktore en oorwegings as 'n belofte-verbreking in die Iraniese strydpunt in die spel is.

IRAN EN VROEëRE BRITSE EN RUSSIESE IMPERIALISME

Dit is nie die eerste keer dat Rusland en Brittanje buitegewone belang in Iran stel nie. Die imperialisme van die ou Tsaaristiese Rusland het reeds in 1885 met die Britse imperialisme oor Iran of Persië, soos dit destyds genoem was, in botsing gekom. 'n Dreigende oorlog is voorkom deur 'n vergelyk wat hierdie jaar getref is en waarvolgens albei moondhede die staatkundige onafhanklikheid van Persië gewaarborg het. Hierdie vergelyk het egter op onvaste fondamente gerus want deur Britse en Russiese lenings aan die Persiese regering het Brittanje en Rusland ook na 1885 herhaaldelik probeer om mekaar in Persië uit te oorlê. Alleen 'n Brits-Russiese bondgenootskap in die oorlog van 1914—1918 en die uitskakeling van Rusland uit die wêreldpolitiek as gevolg van die Bolsjewistiese revolusie, het tydelike verligting vir Brittanje gebring. Dit is veral gedurende hierdie tyd dat Britse kapitaalbeleggings in Iraniese oliebronne groot afmetings aangeneem het. Die vestiging van


- ALLEEN 'N MAGTIGE PERS SAL U OORWINNING BESPOEDIG!
- NEEM AANDELE IN PERSKOR.
- SKRYF DADELIK AAN DIE SEKRETARIS, POSBUS 1411, KAAPSTAD.


Britse gesag in die aangrensende Irak, 'n sogenaamde mandaat-gebied wat voor 1918 aan die Turke behoort het, het verder daartoe bygedra om Britse belange in hierdie dele in te graaf en te verskans.

RUSSIESE BELANGE IN IRAN

Aan hierdie toestand van sake het die Brits-Russiese bondgenootskap gedurende die jongste Wêreldoorlog en veral die oorlog self met sy oorwinning 'n radikale wending gegee. Gedurende die oorlog is Britse en veral Amerikaanse oorlogsvoorrade ens., in groot hoeveelhede oor Iran na die Russiese bondgenoot gebring. Vir hierdie doel is spoorlyne en gebaande weë op groot skaal oor die bergagtige en primitief-agterlike Iran deur die Angel-Saksiese bondgenote aangelê. Iraniese soewereiniteit is verkrag en Amerikaans-Britse en ook Russiese troepe, so agterdogtig was hierdie wapenbroers reeds gedurende die oorlog op mekaar, het die land beset. Hierdie besetting sou tydelik wees en nou het die Russe nie alleen hul deel van die kontrak insake militêre ontruiming nie uitgevoer nie, maar onder die Iraniërs het hulle vriende gevind wat in die provinsie Azerbaijan, die graanskuur van Iran, 'n „outonome" gesag afgekondig het. Hierdie provinsie lê in die deel van Iran wat deur Russiese troepe beset word.

Die hele Russiese optrede insake die Iraniese affêre getuig van groot agterdog teenoor sy Angel-Saksiese bondgenote. Vir Moskou is die Iraniese spoorlyne en gebaande weë, wat hom van die onmisbare Angel-Saksiese oorlogstuig voorsien het, ook die spoorlyne en gebaande weë wat vyandelike Angel-Saksiese leërs na die olieryke Koukasië en na die hart van Rusland kan bring. Op Iran sien hy vliegvelde vanwaar vyandelike vliegtuie sy eie nywerhede kan teister. Aan die ander kant kan 'n Iran, waar Moskou die hoogste woord voer, van groot strategiese en ekonomiese waarde vir Sowjet-Rusland wees. Nie alleen grens Iran aan die warm Indiese Oseaan en Persiese Golf nie — en warm seewater is 'n skaars artikel in Rusland — maar ook aan Turkye, Irak en Indië. Vir die Rus besit Iran vir selfverdediging sowel as vir aanval groot strategiese waarde. Ook die Iraniese oliebronne het 'n aantrekkingskrag.

BRITSE BELANGE IN IRAN

Ook vir die Britte besit Iran groot ekonomiese en strategiese waarde. Net soos die Witwatersrandse goudvelde van 'n Boere-republiek is ook die ryk Iraniese oliebronne 'n ware Nabotse wyngaard. Deur die Anglo-Iranian Oil Company beskik Brittanje nie alleen oor 'n belangrike bron van inkomste nie, maar oefen hy ook groot invloed uit op die regering van Iran. Tot 'n sekere mate is die toekoms van Iran ook vir die oliebelange van die V.S.A. in die Persiese Golf en op Arabië nie sonder betekenis nie.

Afgesien van Iraniese olie is Iran van uiters groot strategiese waarde vir Britse belange in die Middel sowel as in die Verre Ooste. 'n Iran waar Moskou die hoogste woord voer, is 'n potensiële gevaar vir Britse belange in Turkye (die Dardanelle en die Middellandse See) sowel as ook vir Engelse belange in Irak, die Suezkanaal en veral vir die Britse posisie in Indië en die Indiese Oseaan.

Oor Iran vind daar vandag 'n kragmeting van buitegewone belang plaas. Net soos Suid-Afrika met sy goud en geografiese ligging, is ook Iran die slagoffer van sy geologiese geaardheid (olie) en sy geografiese posisie as grensland nie alleen tussen die Ooste en Weste nie maar ook as grensland tussen botsende Russiese en Angel-Saksiese belange. Iran, met 'n groot historiese verlede (Darius en Cyrus) en met 'n onbenydenswaardige toekoms, is vir ons van belang as weerglas van die onsekere verhouding tussen die „Drie Grotes" van vandag.

## OPLEIDINGS-LAERTREK !

**Laertrek word gehou op die plaas van H.Genl. Max Smuts, Middagkrans, Franschhoek, vanaf 13 tot 22 April.**

**Alle Offisiere en Brandwagte is welkom!**

**Kampfooi van £1.10.0 vir die volle tydperk en £1 vir die Paasnaweek sal gevorder word. Bydraes van groente en slagvee sal welkom wees en moet gestuur word aan genl. Max Smuts.**

**Name van Laergangers moet voor 6 April aan Gebiedskantoor, Kamer 603, Groote Kerkgebou, Kaapstad, gestuur word.**

# HERMAN GÖRING VERSTOM NEURENBERGSE WRAAKHOF

## *Besiel Sy Volk Vanuit Getuiehok*

**Maarskalk Herman Göring het die oogmerke van die Neurenbergse skynhof lelik in die wiele gery deur sy manhaftige houding in die getuiebank verlede week — so lelik dat die Geallieerde bestuur in Duitsland in die pekel sit omtrent wat hulle nou aan die Duitse volk moet sê, na berig word deur 'n korrespondent van die Daily Express.**

In plaas van veroordeel te staan as 'n oorlogsmisdadiger het Göring die hele hof verbaas deur sy „buitengewone breë blik en die ontwykende ratsheid waarmee hy probeer het om die aanklagte teen hom te weerlê in 'n stroom van filosofiese redenering," na 'n korrespondent berig wat daaraan toevoeg dat sy „beheer oor besonderhede en woordkeuse in sy behandeling van elke aspek van die reusagtige Geallieerde aanklag teen hom, heeltemal verstommend was."

Die korrespondent verklaar dat dit minder 'n verdediging was as 'n laaste regverdiging vir die nageslag van die nasionaal-sosialisme.

BLY GETROU

Göring het dwarsdeur sy getuienis volle verantwoordelikheid aanvaar vir wat hy gedoen het en geweier om „agter Hitler te skuil." Onder kruisverhoor later het hy op 'n vraag of hy nog by Hitler staan geantwoord: *„Ek is nie hier om Hitler te verafgod en te verheerlik nie. Ek is hier om te sê dat ek my beloftes aan hom hou — selfs nou nog. Ek glo daaraan om 'n eed van getrouheid na te kom nie slegs in tye van voorspoed nie, maar ook in tye van teenspoed."*

Die heldhaftige houding van Göring en die oorredingskrag van sy getuienis het so 'n regverdigende uitwerking vir die nasionaal-sosialistiese bewind gehad dat die Geallieerde bestuur nie weet wat hulle daarvan aan die Duitse volk bekend moet maak nie. 'n Korrespondent van een van die Engelse dagblaaie berig dat Göring in die tienduisende-lange verdediging nasionale dinamiet aan die Duitse nageslag oorhandig het. „Die fonkelende oë en glimlagte van sy makkers in die beskuldigdehok is bewys dat hy hulle oorgehaal het vir 'n laaste geveg om die nasionaal-sosialisme."

GEVAAR

*As die Geallieerdes toelaat dat die Duitse volk groot gedeeltes van Göring se verdediging onder oë kry, word gevrees dat dit die Duitse volk na die vaandel van nasionaal-sosialisme sal laat stroom en 'n tweede Nazi-bybel sal word. Indien hulle dit nie volledig bekend maak nie, is hulle bang dat die Duitse volk hulle van onregverdigheid sal beskuldig, aldus die korrespondent.*

Volgens berig word, het dr. Bross, 'n baie groot anti-nazi, met trane in sy oë gesê: „Na alles is Göring tog 'n mede-Duitser, en selfs al het hy verkeerd gehandel, kan mens nie help om trots te wees dat hy die beste Duitse tradisies van moed en getrouheid gehandhaaf het nie."

*Volgens 'n mededeling van sy advokaat het Göring 'n stroom briewe van bewonderaars ontvang. Sommige was lank, ander kort met slegs die woorde: „Brawo, Hermann!" of „Hou goeie moed!"*

In sy getuienis het Göring verduidelik waarom Engeland nie aangeval is soos oorspronklik die plan was nie. Hitler was agterdogtig oor die Russiese voornemens in die Balkan, daar die opperbevel in besit was van Russiese planne om Duitsland aan te val sodra hy Engeland binneval.

## Begin Duitsers Loslaat

Die regering is besig, na verneem word, om Duitse Unieburgers wat nie aansoek om repatriasie gedoen het nie, uit die interneringskamp te Baviaanspoort te ontslaan.

Die eerste groep van 50 manne is reeds ontslaan en het na hulle huise aan die Rand teruggekeer. Ander groepe wat in Bloemfontein, Durban en Kaapstad woonagtig was, sal glo ook binnekort losgelaat word. Die vrystelling van die geïnterneerde Duitse seemanne word ook oorweeg. Dis nog nie bekend waarheen hulle gestuur sal word nie.

## Duitse Verset Groei

Die vrees van die Britse besettingsowerheid dat die honger Duitse massas in opstand sal raak, is reeds bewaarheid. Groepe Duitsers het in verskeie dele van Hamburg broodwinkels geplunder. Ook is 'n kostrein aangeval en van die kos geneem.

Die moeilikhede begin ook in die ander gebiede ontwikkel en meer soldate word nodig.

In die afgelope weke was daar merkbare en groeiende tekens van verset teen die Engelse owerheid in Duitsland. Die houding word ook weerspieël uit die aanvalle op Britse troepe in die besette gebied.

Lede van die Nazi-party wat daarin geslaag het om inhegtenisneming te ontduik, wend tans pogings aan om met mekaar in aanraking te kom en hulle te organiseer in Weerwolfgroepe, soos Hitler en Göbbels beveel het voordat Duitsland ineengestort het, na berig word.

Die moontlikheid dat daar duisende Duitsers is wat besig is om hulle te organiseer in 'n magtige ondergrondse organisasie wat die hulp van die baie gevangenes wat nog in die kampe sit, sal geniet, het vrees laat ontstaan by die Britse owerheid. Die vermindering van die voedselrantsoene sal meewerk om die gees van verset te voed, word gemeen.

?

BESIT U AL AANDELE IN PERSKOR?

## Uit Die Week se Nuus

**B.B.C.-UITSENDINGS VIR RUSSE.** — Voor die einde van Maart sal die Britse Uitsaaikorporasie met Russiese uitsendings begin, word berig. Aanvanklik sal daar drie uitsendings van 'n halfuur elk wees. Op die oomblik onderneem die B.B.C. geen uitsendings na Rusland nie, op versoek van die Russiese regering.

**VREDESKONFERENSIE DALK UITGESTEL.** — Volgens 'n berig uit New York het amptenare van die departement van buitelandse sake te kenne gegee dat daar binne die eerskomende dae aangekondig sal word dat die vredeskonferensie miskien uitgestel sal word. Volgens die bestaande reëlings sal die konferensie op 1 Mei in Parys begin. Na berig word kan daar geen ooreenstemming ten opsigte van Italië verkry word met Rusland nie.

**EINDE VAN HULPVERLENING.** — UNRRA se werksaamhede in Europa sal teen die einde van hierdie jaar ten einde loop en in die Verre Ooste teen die einde van Maart aanstaande jaar, het 'n Amerikaanse afgevaardigde verklaar nadat hy die konferensie van UNRRA in Atlantic City bygewoon het. Hy het gesê dat Amerika skepe sal verskaf om 600,000 ton koring van Rusland na Frankryk te vervoer. Daar is verder besluit om 9,000,000 ton voorrade aan sestien lande te verskaf tussen Maart en Junie van hierdie jaar.

**HONGERDOOD VIR VYFTIEN MILJOEN.** — Die Indiese afgevaardigde na die Internasionale Raad van UNRRA wat onlangs vergader het het verklaar dat daar ongeveer vyftien miljoen Indiërs van honger sal omkom. Hy het gesê dat Indië die broodrantsoen tot ses ons per dag per persoon gesnoei het. Dit beteken dat elke persoon ongeveer 960 kalorieë per dag kry. Om aan die lewe te bly is minstens 2,000 per dag nodig.

* * *

**PETROLRANTSOENERING OPGEHEF.** — Vanaf Maandag is die rantsoenering van petrol opgehef. Die rantsoenering het op 8 Januarie 1942 begin.


* * *

**„DRINK MINDER MELK".** — Die Kaapse skiereiland, sowel as die Rand, ondervind tans 'n groot tekort aan melk. Daar is sterk sprake van rantsoenering. Die prys van melk is intussen verhoog tot 5d. per pint as gevolg van die duur voer wat die melkprodusente moet koop.

In die meeste plattelandse dorpe is daar vandag 'n oorvloed melk terwyl die stede sonder melk sit. Indien die distribusie behoorlik waargeneem word, kan hierdie moeilikheid voorkom word.

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers
Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

W. Voigt (Edms.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en
Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.





Dis 'n stel wat 'n naam maak en u 8% Diwidend help betaal

Hierbo is een van die stelle wat Excelsior-Meubels Beperk so gewild maak en wat gehelp het om die omset van £46,474 in 1942 laat styg het tot £288,646 in 1945. Daarom het u as aandeelhouer nog jaarliks 'n diwidend van 8 pst. op u opbetaalde gewone aandele ontvang.

Excelsior-Meubels Beperk het in 1941 met een fabriek en een winkel begin. Vandag het die maatskappy drie fabrieke en nege winkels. 'n Mens is dan ook nie verwonder dat die eerste uitgifte van £200,000 aandele reeds opgeneem is nie. Baie beleggers het die moontlikhede vroegtydig besef. Baie meer sal besef hoe dié vraag na meubels gaan styg na mate die tekort aan huise aangesuiwer word. Vir hulle sal die nuwe uitgifte van Excelsior-aandele baie welkom wees.

Winkels te: De Villiersstraat, 15, Johannesburg; Meyerstraat 183, Germiston; hoek van Andries- en Pretoriusstraat, Pretoria; Kerkstraat 108, Potchefstroom; Cross-straat 42, Kroonstad; Maitlandstraat 69 en St. Andrewsstraat 123, Bloemfontein.

EXCELSIOR MEUBELS BPK.

Organisasiekantore waar inligting aangaande die nuwe uitgifte van aandele kan verkry word: Spoorbondkasgebou 603, Johannesburg; Maitlandstraat 69, Bloemfontein; Groote Kerkgebou 614, Kaapstad.

Die Besturende Direkteur, Excelsior-Meubels Bpk.,
Posbus 6670, Johannesburg.

Stuur my asseblief u brosjure „'n Vaste Koers" wat die prospektus bevat en besonderhede van Excelsior-Meubels se groei en toekoms.

NAAM ..........................................
(Blokletters asb.)

ADRES ..........................................

..........................................

O.B. 27/3

L - - - - -

?

K - - - - -

# Staatsamptenare Krimpeer Op Hongerlone

## *Regering „Ondersoek" Al Twee Jaar Lank*

**Die diensvoorwaardes in die staatsdiens maak dit vir amptenare onmoontlik om te bestaan. Die posisie het reeds vir sommige van die amptenare so onuithoudbaar geword dat 'n groot aantal die diens vaarwel gesê en 'n ander heenkome gaan soek het.**

Veertien jaar nadat 'n blanke manlike klerk tot die posdiens toegetree het, verdien hy eers £25 per maand, ongeag wat sy kwalifikasies mag wees. Geen wonder dus dat daar in die afgelope diensjaar 3,595 amptenare die diens in die Departement van Poswese verlaat het nie.

Wanneer iemand tot die klerklike diens in die poskantoor toetree, kry hy 'n aanvangsalaris van £130 per jaar en as hy gelukkig is om na 'n jaar in die voorgeskrewe eksamens te slaag, verdien hy £140.

Die voorwaardes in die klerklike diens van die ander departemente is nie gunstiger nie. Manlike tweede-graadse klerke begin vandag met £155 per jaar. **Na sewe of agt jaar wanneer hierdie klerke geskik geag word om bevorder te word tot eerstegraadse klerke, verdien hulle nog maar net £300.**

TWEE JAAR

Dit is onredelik om te verwag dat hierdie amptenare wat so'n belangrike rol speel in die uitvoering van die staatstaak, enige belang in hulle werk sal stel. Gedurende Maart 1944 het die Eerste Minister beloof dat hy ondersoek sal laat instel oor die diensvoorwaardes in die staatsdiens.

**Na twee jaar is die kommissie nog nie in staat om vas te stel of 'n mens op £140 'n bestaan kan maak nie.**

Vir die verhoging van parlementariërs se salarisse was slegs 'n paar minute nodig!

## *Stalin Moet Help In S.A.*

Die Indiërgemeenskap in Suid-Afrika gaan hulle op Stalin beroep in hul stryd teen die Unie-regering. Hy sal gevra word om die saak voor die Veiligheidsraad van die Verenigde Volke-organisasie te lê.

## *Byna 7,000 In Unie Ge-interneer*

Daar was 6,600 persone gedurende die oorlog in die Unie geïnterneer. Van hierdie getal was 4,000 Duitsers en 1,500 Italianers. In die geval van sommige het die regering dit nie gerade geag om hulle voor die hof te bring nie, skryf die Sunday Times. Min. Harry Lawrence het die korrespondent van die Sunday Times die versekering gegee dat die Departement van Justisie nie in sy pogings verslap om Suid-Afrikaanse oorlogsmisdadigers aan die man te bring nie. Die gereg het 'n lang geheue, het hy gesê.

## *Koring En Vriendskap*

Hoewel UNRRA 90 persent van sy beskikbare voorrade in die Russiese besettingsgebied bestee het, en Rusland voorgegee het dat hy nie in staat is om sy besette deel te voed nie, is hy tans bereid om 400,000 ton koring en 100,000 ton gars regstreeks aan Frankryk af te staan. Toe Rusland 'n tyd gelede deur **UNRRA gevra is of hy koring het om af te staan, het hy nie op die vraag geantwoord nie. Nou het hy skielik genoeg vir homself en nog soveel oor dat hy kos aan Frankryk kan verkoop — sy aspirant-bondgenoot teen Spanje.**

## *K.G. OP STELLENBOSCH*

(Vervolg van bls. 1, kol. 5)

jy die partye afskaf. Daar gebeur niks as jy 'n party afskaf nie. In ons politieke geskiedenis het een party na die ander verdwyn en niks het gebeur nie.

As daar gevra word wat in die plek van partye moet kom, sê die Ossewabrandwag daar is magsorganisasies in enige land wat wortel geskiet het in die volkslewe en wat jy nie kan afskaf nie omdat hulle die kern van die volksbestaan is. **Hierdie magsorganisasies is die boere, nyweraars, handelaars, ens. Sonder hulle sal die volk sterf en jy kan hulle nie afskaf nie. Waarom dan kunsmatige, haatverspreidende politieke partye skep as jy hierdie magsorganisasies reeds besit?**

REGSTREEKS

**Die boere moet deur 'n boer, die handel deur 'n handelaar en die nywerheid deur 'n nyweraar verteenwoordig word. Dit is beroepsverteenwoordiging.**

As ons praat van die handel, bedoel ons nie net die kamer van koophandel, d.w.s. die base nie, maar ook die klerk agter die toonbank en almal wat hulle lewe uit die handel maak. Die handelsklas sal regstreeks verteenwoordig word in die staat.

**As die volk op hierdie wyse verteenwoordig word, skakel dit alle vyandskap en twis uit.** Wanneer die boer dan 'n verteenwoordiger kies, kies hy nie die beste partyman nie, maar hy kies die beste boer wat die meeste kennis dra van boerderysake.

KANSELLEER MEKAAR

Daar mag aangevoer word dat daar onder die huidige stelsel baie setels is waar boere gekies is om boere te verteenwoordig.

**Maar in al hierdie gevalle is partymanne gekies en nie boere nie. Oudtshoorn b.v., het 'n boere-verteenwoordiger en hy is allesins opgewasse vir sy taak, en in Caledon is 'n boer gekies wat ook in boerekringe hoog aangeskrewe staan. Maar in die parlement kanselleer hierdie twee boere mekaar omdat hulle aan verskillende partye behoort en op alles wat die een „ja" sê, moet die ander „nee" sê. Oudtshoorn en Caledon het dus geen boere as verteenwoordigers nie, dog net partye.**

As die verteenwoordigers gekies word volgens beroepsverteenwoordiging, dan kies die volk die beste manne en nie die grootste partymanne nie. Dis al manier waarop die twis en haat uitgeskakel kan word, en dit is ook die beste teenvoeter vir die kommunisme, omdat dit klassestryd uitsluit.

WEG TOT EENHEID

**Die verwesenliking van hierdie beroepsverteenwoordiging kan alleen verkry word deur dit te propageer totdat die idee inslaan by die volk, en deur die daarstelling van 'n volksfront wat 'n bondgenootskap tussen alle Afrikanergroepe wat republikeinsgesind is, teweegbring.**

So'n volksfront het die O.B. beoog toe hy in 1943 aangebied het om sy gewig agter die opposisiegroepe in te werp sonder om vir homself 'n setel te vra, indien daardie partye en groepe maar net 'n ooreenkoms wou aangaan. En hy hierdie aanbod staan die Ossewabrandwag nog.

As die verskillende politieke organisasies wat vandag daar is of wat nog bykom — want nuwe kragte is aan die kom — net met mekaar in gelid wil tree sonder prysgewing van hul identiteit, sal daar uit so'n samewerking al dadelik 'n beter verstandhouding ontwikkel wat tot eenheid sal lei. **Die haat sal begin afkoel sodra daar samewerking is. Dit het in die politiek elke keer gebeur. Die koalisie tussen die S.A. Party en die Unioniste het uitgeloop op samesmelting tussen die twee partye en die koalisie tussen die S.A. Party en die Nasionale Party het ook uitgeloop op samesmelting. En in die afgelope oorlog het ons die beste bewys hiervoor toe die Britte en Russe liefde vir mekaar ontwikkel het net omdat hulle saamgeveg het. As dit dan met hulle gebeur het, wat is dan makliker om eenheid te kry in ons nasionale geledere as dat ons eers met mekaar begin saamwerk as bondgenote?**

**Dit is die kortste pad na volkseenheid — 'n eenheid wat jy nooit sal kry deur uitnodigings om ander kant te bedank en duskant te kom aansluit met verloëning van jou opvattings nie, en veral nie onderwyl die uitnodigings nog gepaard gaan met uitskellery nie, het die K.G. ten slotte gesê.**

Aan die begin van die verrigtinge het die K.G. en Adjunk-K.G. onder die getrommel van tamboere en begelei deur Vroue- en Mannewagte die verhoog bestyg.

Die Kaapstadse O.B.-blaasorkes onder leiding van komdt. S. J. Swanepoel, het gedurende verskillende stadiums die gehoor vergas met pragtige marsmusiek.

Die besielende voordrag van 'n oud-geïnterneerde, mnr. S. Nortjé, het groot byval gevind. Dit is 'n gedeelte van 'n kantate wat in die kamp geskrywe is deur dr. Jan Pienaar.

## *Brit Beveel Honger Aan Vir Alle Duitsers*

**Op voorstel van sir Ben Smith, die Britse voedselminister, het die gesamentlike Voedselraad in Washington by die bevelvoerders van die Britse, die Franse en die Amerikaanse gebiede in Duitsland aan die hand gedoen dat 'n gemeenskaplike standaard van 1,000 kalorieë per dag per persoon in Duitsland van toepassing gemaak moet word. Dit is 'n hongerbestaan.**

Na die onlangse besnoeiing in die Britse gebied het die Duitsers slegs 1,000 kalorieë in vergelyking met die 1,400 kalorieë in die Amerikaanse gebied gekry.

Daar word ook oorweging geskenk aan 'n soortgelyke optrede ten opsigte van Japan.

'n Waarnemer in Duitsland het onlangs verklaar dat die Geallieerdes geen poging aanwend om die nood van die Duitse hongermassas te lenig nie.

## *Historiese Balk*

In die byskrif vir 'n foto van 'n huis naby Slagtersnek in verlede week se uitgawe van ons blad het 'n hinderlike fout ingesluip. Daar het gestaan dat die balk waaraan Bezuidenhout gehang het, nog in die gebou is wat tans as varkhok deur 'n Engelse boer gebruik word. Dit moes gewees het „waaraan die vyf vriende van Bezuidenhout gehang het."

## *Mynwerkers Kry Hul Sin*

Die staking, waarby al die Randse myne verlede week betrokke was toe 16,000 mynwerkers geweier het om met hulle werk voort te gaan omdat die Mine Workers' Union een van die lede geskrap het as lid van die vereniging weens sy protesweiering om ledegeld te betaal, is Vrydag beëindig deur bemiddeling van mnr. I. Walker, Arbeidsadviseur van die Eerste Minister. Daar was geen ooreenkoms tussen die mynwerkers en die Vakbondbestuur nie, dog net tussen die mynwerkers en mnr. Walker namens die staat.

*Die ooreenkoms maak voorsiening vir die aanstelling van 'n kommissie van ondersoek bestaande uit drie lede deur die regering benoem, wat alle aangeleenthede van die mynwerkers sedert Januarie 1941 sal ondersoek. 'n Verkiesing van bestuur en ampsdraers vir die vereniging moet voor 1 Junie gehou word. Verder word die geskorste lid herstel in sy werk na betaling van sy agterstallige ledegeld.*


**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**

(Edms.) Beperk

MOSEMARK (Posbus 7185) Newtown


„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Kerkplein.


*So Pas Verskyn !*

**EERS DIE KONINKRYK**




deur

H. J. M. REDELINGHUYS

7/10 Posvry.

'n Godsdienstige Roman oor jongmense, hulle strewe na geluk, hulle moeilikhede, hulle teleurstellings en vernederings en eindelik hulle oorwinning.

WAT IS 'N WONDER?

Waarom moet ons Bid? Is die „lot" veroorloof? Mag ons lewensversekering, medisyne, ens. gebruik? Hierdie vrae word beantwoord in:

**God Se Voorsienigheid**

deur

Ds. I. D. KRUGER

2/3 Posvry.

'n Ossewa-reeks-Uitgawe.




NUWE BOEKE:

Die Huis op Paradyseiland, deur R. G. van Ewyk . . 7/10
Stad Sonder Siel, deur Dirk Mostert . . . . . . . . 8/10
Wande, deur Magda Smit . . . . . . . . . . 8/4
Reënboog in My Drome, deur Anton Gewers . . . 4/3
Bloedspoor na die Kraters, deur R. Hendriks . . . . . 8/4

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**

POSBUS 29 STELLENBOSCH